VRAAG 1 BESLOTE KORPORASIE

Hierdie vraag Is redelik goed beantwoord en het gewissel van goed tot briljant.
Die kandidate kon nie…

- ✍ die inskrywing vir vermindering van ledebydrae aanteken nie.
- ✍ behoue inkomste bereken as 'n berekening nie, maar verkies eerder die inskrywings in die grootboekrekening.

VRAAG 2 BANKREKONSILIASIE STAAT

Alhoewel hierdie vraag gelyk het soos 'n wandel in die park, kon die meeste kandidate nie die nuwe banksaldo bereken sonder om die bankrekening op te stel nie. Anders was hierdie vraag die beste beantwoord.

VRAAG 3 VENNOOTSKAP

Hierdie vraag was 'n goeie poging deur die kandidate, maar die volgende moet egter aangespreek word:

3.1 INKOMSTESTAAT

- ✍ Kandidate het vergeet om die netto verkope te bereken.
- ✍ Kandidate kon nie onderskei tussen ander inkomstes en rente-inkomste nie.
- ✍ Die bate i.p.v. die uitgawe word ingeskryf. Bv. toerusting i.p.v. waardevermindering.
- ✍ Sommige kandidate het die aansuiwerings geïgnoreer – skryf slegs die bedrag in die proefbalans.

3.1 VERDELINGSREKENING

- ✍ Hierdie rekening is swak beantwoord. Kandidate het nie die inskrywings vir hierdie rekening geken nie.
- ✍ Kandidate kon nie die winsaandeel volgens saldo's van kapitale op 28 Februarie 2007 bereken nie.

3.2 BEREKENING VAN VENNOOT DAWIE SE PRIVAATREKENING

- ✍ Die meeste kandidate was nie in staat om die winsaandeel te gebruik vanaf die grootboekrekening (verdelingsrekening) nie.
- ✍ Hakies vir onttrekkings is weggelaat en vandaar die verkeerde berekening.

3.4 Die meeste kandidate het hierdie tipe vraag geïgnoreer.

VRAAG 4 SPORTKLUBS

4.1 – 4.2 GROOTBOEKREKENINGE

Die grootboekrekeninge in hierdie vraag is beantwoord van goed tot baie goed. Die volgende moet egter aangespreek word:

LEDEGELDREKENING

- ✍ Sommige kandidate was nie in staat om die opgelope inkomste bedrag, aan die einde van die finansiële jaar, te bereken nie.
- ✍ Opgelope inkomste en vooruit ontvange inkomste aan begin van jaar, was op verkeerde kante.

VERVERSINGSREKENING

- ✍ Sommige kandidate kon nie onderskei tussen verkope en aankope nie.
- ✍ Het nie die inskrywing vir kontantaankope en -verkope geken nie.

4.3 BEREKENING VAN WINS OF VERLIES MET VERKOOP VAN OU VOERTUIG

- ✍ Kandidate was nie in staat om die wins of verlies te bereken in die vertikale formaat nie.
- ✍ Hakies was nie aangedui op die korrekte plekke nie.

4.3 ADVIES HOE OM DIE LEDEGELD MEER BEKOSTIGBAAR TE MAAK.

- ✍ Die standaardgraad kandidaat was nie gewoond daaraan om hierdie tipe vraag van hoër-orde denke te beantwoord nie. Dit was duidelik waarneembaar in hulle antwoorde.

VRAAG 5 KONTANTBEGROTING

Hierdie vraag is swak beantwoord as gevolg van 5.3 – hoër-orde vlak van denke. Standaardgraad kandidate was nie gewoond aan hierdie tipe van vrae nie.

5.1 Baie swak beantwoord. Die meeste kandidate kon nie die **BETALINGS** aan **KREDITEURE BEREKEN** nie. Duidelik nie die krediteure betalings skedule verwag nie!

5.2 Kandidate weet steeds nie die verskil tussen ’n kontant item en ’n nie-kontant item nie.

5.3 Die meeste kandidate het verkies om nie hierdie vraag aan te pak nie. Hulle het gesukkel met die hoër-orde vlak van denke.

VRAAG 6 BALANSSTAAT

Sommige kandidate het nie hierdie vraag probeer nie a.g.v. die langer vraag 3 en hoër-orde vlak van denke van vraag 5.

6.1 BALANSSTAAT EN NOTAS

Die kandidate wat hierdie vraag probeer het, het goeie punte ontvang. Die volgende moet aandag geniet:

6.2 NOTAS

VASTE BATES

- ✍ Hakies weggelaat waar nodig.
- ✍ Kandidate was nie in staat om die drawaarde aan die einde van die jaar te bereken nie.

VOORRAAD

- ✍ Kandidate was onseker hoe om die handelsvoorraadsurplus te hanteer – hoër-orde vlak van denke vir standaardgraad.
- ✍ Verbruiksgoedere voorhande is verkeerdelik bereken.

HANDEL EN ANDER ONTVANGBARES

- ✍ Hierdie nota was redelik goed beantwoord, behalwe vir die volgende:
  Sommige kandidate het vergeet om die voorsiening vir oninbare skulde af te trek.
  Kon nie bepaal of vooruitbetaalde uitgawes/opgelope inkomste/vooruit ontvange inkomste ’n bate of ’n las is nie.

GEWONE AANDELEKAPITAAL

- ✍ Kandidate was nie in staat om die aantal aandele op die sluitingsdatum te bepaal nie.

HANDELSBEDRAE EN ANDER BETAALBARES

- ✍ Kandidate het gesukkel om die SAID-inkomstebelastingbedrag te bereken.
- ✍ Vergeet van die bedrag verskuldig aan aandeelhouers aan die einde van die jaar.

GETAL AANDELE

Kandidate was nie in staat om hierdie bedrag te bereken vanaf die nota, gewone aandelekapitaal, nie.